NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg

26 Junie 2020

Erediens Sondag 28 Junie 2020

Genesis 1:1-4 & Johannes 1:1-5: Hierdie wêreld is God s'n!

Kollektes, Deurkollektes en Dankoffers

Die Sinode verwag steeds dat die deurkollektes ingesamel word, ons sal ook weekliks vir u herinner vir wie die betrokke Sondag se deurkollekte ingesamel word. U is ook welkom om dan die bankkollekte en Dankoffers asseblief elektronies oor te betaal.

Onthou om asseblief met die oorbetalings verwysings by te sit soos volg:
Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.
(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 28 Junie – Gemeente uitbreiding

Beurse beskikbaar

Beurse - NG Kerk Vrystaat: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarliks voorwaardelike beurse aan voltydse teologiese, sowel as beurse aan nie-teologiese studente, toe. **Aansoekvorms vir beurse ten opsigte van die 2021-studiejaar is vanaf 1 Julie 2020 beskikbaar.** Vir verdere navrae in dié verband, kontak vir Danielle van Heerden by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2020. LET WEL**, hierdie beurse word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. ***Voorwaardes geld.***

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees:

Junie	**Julie**
29 Ben Grobbelaar	1 Andrea Bredenhann
29 Machteld Kotzé	4 Stefan Botha
30 Alex Watt	4 Miandi Van Loggerenberg

Huweliksherdenkings

28 Dirk & Marié Crous (45j)
29 Gert & Betsie Deysel (57j)

Nuwe lidmate

Ria Wilke
Ouderling: Ds. Pieter Poley
Diaken: Althea Watt
Baie welkom in ons gemeente. Ria het ingetrek in Ons Woning, sy kom van Goerge, mag u dit baie geniet hier in Petrusburg en sommer gou welkom voel en deel word van ons gemeente.

Gebedsversoeke

Janine van Jaarsveld is vandeesweek geopereer. Die operasie het goed afgeloop. Ons is dankbaar en bid vir beterskap en volkome herstel..

~~~~~~~~

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

Gebed by Psalm 57

vertaal uit *The Archbishops' Council of the Church of England*

Tere God,
sagte beskermer in tyd van nood,
deurbreek die duisternis van wanhoop
en gee aan ons, met al u mense,
die lied van vryheid en die jubeling van lof;
in Jesus Christus ons Here.

NB: Indien jy weet van iemand wat nie toegang het tot ons digitale uitsending nie, kontak Jaco Thom asb, sodat ons 'n plan kan maak.
~~~~~~~~

Verslag oor kospakkies

Baie dankie dat ek kan verslag doen oor die aktiwiteite van die sopkombuis. Ek, of eerder ons, ek en Elize, Saul en Stoffel en nege pastore doen dit nie deur te spog en te beëndruk nie, maar omdat ons elke dag oorweldig word deur die werke van sy hande wat hierdie taak aan ons opgedra het.

Ons wil Hom die eer gee en ook dat Hy daardeur verheerlik moet word. Ons voel daarom soort van gedwonge om aan almal wat gehoorsaam was om 'n bydrae tot hierdie koningkrykswerk te lewer, net op hoogte te bring van hoe en waar hul bydraes uitgekom het, en ons opregte dank daarvoor uit te spreek. Daarom hierdie kort oorsig van ons aktiwiteite vanaf 16 April tot nou.

Ons het sedert 18 April die volgende bydraes ontvang:
• Heelwat kontant
• Kruideniersware wat meel, blikkieskos ens insluit
• Verskeidenheid groentesoorte. Wat die groente betref het ons reeds die volgende met tussenposes uitgedeel:
+= 3000 duisend sakkies aartappels
+= 5000 pampoene
+= 1500 koolkoppe en ook heelwat mielies, tamaties, skorsies

Ons maak drie verskillende kospakkies op, een groot genoeg vir een maand, 'n tweede een genoeg vir twee weke (ons noem dit 'n noodpakkie), 'n derde een wat genoeg is vir een week en 'n vierde een wat basies een ete is.
Ons het sedert die begin ongeveer 3.7 ton mieliemeel aangekoop en of ingekry, 700 kilogram soppoeier, 800 kilogram boontjies, 80 kilogram sout.

Ons het ook uit verskeie oorde 1300 handgemaakte gesigsmaskers ontvang.
Met al die bestanddele het ons reeds += 750 kospakkies (uitgesonderd een ete pakkies) in Petrusburg en Bolokanang uitgedeel. Ons deel daagliks een ete pakkies uit na gelang v behoefte. Ons het ook ongeveer 250 kg vleis en sopbene ontvang wat ons met tussenposes saam met kospakkies uitdeel. Kry ook klere en komberse wat ook uitgedeel word.

Dit sal onthou word dat ons so 6 jaar gelede 7 pastore in die Nehemia Bybelkursus opgelei het en tans besig is met nog sewe ander waarvan net twee in Bolokanang woon. 5 van die eerste groep is nog steeds hier en het aktiewe kerke. Hulle vyf en twee van die huidige sewe doen tans vir ons die verspreiding in Bolokanang terwyl Elize Petrusburg hanteer.

Die hele proses verloop baie goed en ons is daagliks net meer en meer bewus van hoe die Here in beheer van die hele proses is. Ons doen net die nodige en het nooit nodig om vir enigiets te vra nie, alles maar alles val net in plek.

Ons is daagliks besig met die opmaak vd pakkies en pastor Ben Lekgari kom elke 2de Maandag dan neem hy gemiddeld so 80 pakkies wat hy weer onder die ander 8 versprei en hulle deel dit weer in hulle onmiddellike omgewing uit, Elize deel die pakkies in Petrusburg uit en ek hanteer maar die bedelaars, die tokens en die wat kom vra en ook die asgate.

Ons vertrou dat ons hierdeur darem die grootste deel van Petrusburg dien.
Ek wil net weer vir almal wat vir ons bid, vir almal wat so getrou 'n bydrae in gehoorsaamheid maak, baie dankie sê. Ek self glo nie altyd die impak wat die projek het nie maar is daagliks so bewus van ons Here se teenwoordigheid en betrokkenheid en hoe wonderbaarlik Hy dit bestuur en beheer.

Ook die dankbaarheid van die wat ontvang getuig hiervan. Ons weet nie hoe lank ons nog sal aangaan nie maar beplan om nie voor einde Augustus af te skaal nie, maar my wil en God se wil is nooit dieselfde en daarom vertrou ons maar op HOM en bly beskikbaar solank Hy ons nodig het.

Phillip du Plessis